PROFESSOR JONATHAN JANSEN SE AANTYGING DAT REGSGESINDE AFRIKANERS VERANTWOORDELIK IS VIR DIE DOOD VAN PROF RUSSEL BOTMAN

Deur Dave Steward, Uitvoerende Direkteur van die FW de Klerk Stigting

Jonathan Jansen is een van ons mees uitgesproke en invloedryke akademiese leiers. Van tyd tot tyd neem hy oordeelkundige en brawe besluite ten opsigte van die mynveld van transformatiewe politiek by sy eie universiteit, die Universiteit van die Vrystaat. Gevolglik kan ons nie nalaat om te reageer op sy toeskrywing van die onlangse ontydige dood van prof Russel Botman, eerstydse Visekanselier van die Universiteit van Stellenbosch, aan "genadelose beswaddering" deur "regsgesinde alumni, met die aanmoediging en bystand van die Afrikaanse pers, in blog-inskrywings, in alumni-verenigings, en tydens formele samekomste van die instelling."

Volgens Jansen is die "geskinder, gerugte, beledigings, intimidasie, ondermyning en belastering" wat hierdie "regsgesinde" element die afgelope paar jaar op Botman gemik het, verantwoordelik vir die dood van hierdie "sagmoedige teoloog".

Jansen skryf dat Botman die toorn van regsgesindes op die hals gehaal het deur "te druk vir meer swart studente om by die universiteit in te skryf"; deur "'n buigsamer taalbeleid in te stel sodat swart Afrikane in groot getalle kan inskryf"; "deur te vra dat name van geboue wat wit heerssugtiges, soos die eerste minister tydens die apartheidsera, DF Malan, vereer, verander word om die nuwe land en die visie ten opsigte van transformasie, wat grootliks slegs op papier bestaan, te weerspieël"; deur "te streef na 'n Sentrum vir Inklusiwiteit wat die diepgesetelde rassistiese, seksistiese en homofobiese grondslag waarop hierdie instelling, en ander, gebou is, aan te pak".

Aan die kern van Jansen se aantygings is die fundamenteel verskillende menings oor die rol wat universiteite in multikulturele samelewings moet speel en die aard van transformasie wat deur ons nie-rassige grondwetlike demokrasie vereis word.

Jansen vergelyk transformasie met die inwerkingstelling van demografiese verteenwoordiging ten opsigte waarvan universiteite moet verseker dat hul fakulteite en studenteliggame die rassedemografie van Suid-Afrika in die breë moet weerspieël. Hy is veral krities van sommige Afrikaanse universiteite "wat Afrikaans gebruik as die perfekte alibi om nie te transformeer nie."

Vir Jansen is akademiese prestasie en die grondwetlike reg op onderwys in die taal van jou keuse klaarblyklik van sekondêre belang. Hy waarsku weerspannige kampusleiers dat "kampusse wat hoofsaaklik wit is, in die lig van ons onlangse aaklige rassistiese verlede moreel onaanvaarbaar, demografies onregverdigbaar en opvoedkundig gevaarlik is." Wat hy dus sê is dat al ons universiteite - ongeag hul historiese of geografiese ligging - hoofsaaklik swart moet wees.

Hy kasty "onversoenlike wit instellings" - soos die Universiteit van Kaapstad - wat versuim om demografiese mikpunte te haal omdat hulle prestasie afsonderlik van "basiese ordentlikheid" (wat hy uitlê as die behoefte aan die aanstelling van personeel en die werwing van studente op grond van ras) definieër. Hy wys daarop dat daar nie "'n enkele swart vrou is wat 'n volle professor" aan die UK is nie - terwyl hy goed weet dat die probleem in die gebrek aan geskikte kandidate gesetel is - en nie weens 'n gebrek aan wil nie. Die UK het immers twee keer soveel swart professors as die UV.

Hy gee uitdrukking aan sy menings met 'n heftigheid wat min ruimte vir debat laat. Daar is egter ander heeltemal verdedigbare menings oor hoe ons universiteite moet transformeer ten einde hul gepaste rolle in ons multikulturele samelewing te speel.

Vir sommige is die belangrikste waarde nie-rassigheid. Transformasie moet beteken dat akademiese meriete - en nie rasgebaseerde diskriminasie van enige aard - die belangrikste maatstaf is vir aanstelling en bevordering ten opsigte van akademiese personeel en die werwing van studente. Terwyl spesiale programme in werking gestel word om soveel as moontlik uitstekende swart akademici en studente te lok en bevorder - moet 'n kleurblinde benadering gevolg word.

Nóg 'n mening is dat daar niks fout is daarmee indien universiteite in multikulturele samelewings kies om onderrig in een of meer van die nasionale tale aan te bied mits hulle dit op nie-rassige en nie-eksklusiewe grondslag uitvoer nie. Dit is inderdaad moeilik om te sien hoe ons die grondwetlike visie van kulturele en linguistiese verskeidenheid kan bevorder indien daar geen universiteite is wat ons verskeie tale voorstaan nie - soos wat deur wyle prof Jakes Gerwel aanbeveel is.

In 'n land wat gestig is op die beginsel dat al ons tale gelyke aansien moet geniet, waarom moet een taal, Engels, op enige iemand anders afgedwing word? Waarom moet daar nie meer universiteite wees waar Zulu, Tswana of Pedi die hooftaal is nie? Waarom moet een van die drie universiteite in die Wes-Kaap - waar Afrikaans die mees gesproke taal in die provinsie is - nie Afrikaans as hooftaal van onderrig gebruik nie?

Daar is multikulturele lande regoor die wêreld waar minderhede universiteite het waar hulle hul eie kulture en tale kan ontwikkel op 'n nie-eksklusiewe grondslag binne die raamwerk van die breër bevolking. Waarom moet minderhede in multikulturele state onderhewig wees aan dominansie deur die meerderheid, veral in opvoedkundige instellings wat so noodsaaklik is vir die behoud van hul tradisies, kulture en tale?

Die 'regsgesindes' wat deur Prof Jansen van Prof Botman se dood beskuldig word het nie 'n rasgebaseerde of teruggaande agenda nie. Hulle wil eenvoudig die behoud en ontwikkeling van Afrikaans as die hoofonderrigtaal in die land se oudste Afrikaansmedium-universiteit verseker. Hulle vrees, met goeie rede, dat Afrikaans as akademiese taal bedreig word - en weet dat dit verreikende gevolge sal hê vir hul taal - 'n taal waaraan Jansen sy steun toegesê het.

Alhoewel ondersteuners van Afrikaans dikwels van prof Botman se benadering verskil het, het hulle hom oor die algemeen respekteer as ’n man en as ’n akademikus - en hulle is geskok en hartseer oor sy ontydige dood. Om hulle te blameer vir sy dood is onwaardig van Jansen - so ook sy aantyging dat hulle verantwoordelik was vir die "donker wolke van boosheid" wat "voor prof Botman se dood om sy kop saamgedrom het." Dit is inderdaad ’n hartseer dag wanneer voorste akademici diegene van wie hulle verskil, as boos uitkryt - eerder as om met hulle in rasionale gesprekke te tree.

Nóg verbloem Jansen sy afkeer vir alles wat Stellenbosch - "met sy diepgaande rassistiese, seksistiese en homofobiese grondslag" - na sy mening in die verlede verteenwoordig het. Hy verwerp die vele goeie eienskappe van die universiteit, sy kulturele tradisies, sy akademiese prestasies en die reuse bydrae wat sy alumni tot die ontwikkeling van Suid-Afrika gemaak het. Een van die grootste rolle wat Stellenbosch gespeel het was om Afrikaners se houding te verander, wat uiteindelik die transformasie van ons samelewing gefasiliteer het.

Ongelukkig dui Jansen se menings op die diepgesetelde renons wat steeds ons nasionale diskoers in die wiele ry, en wat dit so moeilik vir ons maak om rasionele gesprekke te voer oor die toekoms van ons universiteite; oor die behoefte aan transformasie; en oor die regmatige plek van minderhede in ons multikulturele samelewing.